

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

Die rots was Christus

Tydens die onlangse jaar-byeenkoms van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel is daar oor heilshistoriese Skrifverklaring besin. Dit was, is en sal altyd 'n belangrike saak wees om oor na te dink. Veral omdat daar op talle maniere met die Skrif omgegaan word wat tot resultate lei waarvoor mense geheel en al verward raak; soos eksemplariese of allegoriese of biblisistiese Skrifverklaring. In die geval van eksemplarisme word die Skrif bloot as 'n eksempele, 'n voorbeeld, gebruik. Allegoriese Skrifverklaring lei daartoe dat alles in die Skrif vergeestelik word. Biblisistiese Skrifverklaring hanteer 'n teks sonder sy konteks. Die Skrif word uitmekaar gesnipper en as 'n bundel van los waarhede gebruik.

Daarenteen gaan heilshistoriese Skrifverklaring daarvan uit dat God in Christus sy heil aan die in sonde gevalle mens bekend maak. Hy doen dit in die loop van die geskiedenis. In sy almag werk God volgens sy raad, wat van ewigheid af vasstaan. In sy Woord openbaar Hy sy raad. In die loop van die geskiedenis word dit duidelik hoe die heil van God in Christus ontvou. Dit beteken dat die Skrif een geheel is, waar die verskillende onderdele alles met mekaar te doen het.

In Paulus se eerste brief aan die Korintiërs (10:1-13) word die heilshistoriese verklaring en verstaan van die Skrif duidelik geïllustreer. Die gemeente in Korinte ontvang 'n kort maar kragtige les in die heilsgeskiedenis. Israel was tydens sy tog na die beloofde land Kanaän onder die wolk. Die wolk het God se teenwoordigheid uitgespel. Israel was in die see. Die see was vir hulle tot redding; vir die Egiptenare tot verderf. Israel het vir 40 jaar lank spys geëet – manna, engelebrood, *panis angelicus* (Psalm 78:25). Israel het water gedrink; selfs op plekke waar daar geen water was nie. Oral en altyd het God gesorg. Geen dag het verbygegaan waarin Israel nie die heil van God aanskou en beleef het nie.

Daaraan moet die Korintiërs dink. Die geskiedenis van Israel is hulle geskiedenis. Ook al is hulle Grieke en die Israëliete geen Grieke nie, is die volk in die woestyn hulle vaders. Die heil van God wat aan Israel geopenbaar is, word in Christus nog te meer aan hulle geopenbaar. Die brood wat Israel geëet het, was geestelike brood. Die drank wat hulle gedrink het, het uit 'n geestelike rots gevloei. En die rots was Christus. Die Korintiërs eet nagmaalbrood, hulle drink die nagmaalbeker – hulle staan op dieselfde rots as hulle voorvaders: Christus.

Dit is heilsgeskiedenis. Alles in die Ou Testament dui op Christus. Alles spreek van Christus. Die Ou Testament, net soos die Nuwe Testament, is Christus se testament. Die uitverkore kinders van God is mede-erfgename van Christus en daarom die begunstigdes van Christus se testament.

Vir die verklaring en toepassing van die Skrif is dié geloofs-vertrekpunt van deurslaggewende belang. Oor geen deel in die Skrif kan daar iets sinvol en gesagvol gesê, vertel of verkondig word as dit nie spreek van God se heil in Christus nie.

Vir die hantering van die Skrif in die onderwys-situasie het dit uiteraard enorme konsekwensies. Onderwysers en onderwyseresse (en ouers in die eerste instansie!) wat vir Bybelonderrig verantwoordelik is, sal voortdurend moet bou op die fondament Christus. Geen geskiedenis of wet of profesie, geen psalm of evangelie of brief kan aan die kind uitgelê word sonder om te vertel dat dit alles met God in Christus te doen het nie.

Dieselfde geld vir die hantering van die Skrif in die teologie: op die kansel, in die kerklokaal, as daar 'n Skrifoordenking geskryf word, in die teologiese opleiding met sy rykdom

INHOUD

1 Redaksioneel
Die rots was Christus

2 Skrifoordenking
Die Woord van lydsamheid en bemoediging laat ons hoop
Ds HLJ Momberg

3 Kerkerf
Heilshistoriese Skrifuitleg in die klaskamer
Mev A Drijfhout

8 **Die verheerliking op die berg**
Prof VE d'Assonville

13 Bekendstelling
Corps Veritas Vincet

13 Persskou
**Reformasie en onderwys
Doen weg met oneerlike etiket**
Dr CJ Meijer

van leer-areas. Die geskiedenis van heil moet bedien word.

In hierdie uitgawe van *Waarheid en Dwaling* is die twee voordragte gepubliseer wat tydens die VGL-byeenkoms gelewer en bespreek is. Mev Alieske Drijfhout, aanbieder van die voordrag oor heilshistoriese Skrifverklaring in die onderwys,

was vir baie jare 'n graad 1 juffrou. Sy word met reg as 'n kundige op die onderwys-gebied beskou en gereken. Prof (emeritus) Victor d'Assonville, outeur van die referaat oor heilshistoriese Skrifverklaring op die kansel en in die kerkklassesklas, het sy kragte lewenslank aan die bestudering van die Skrif en die kerkgeskiedenis gewy. Hy kan met

die nodige gesag en uit ondervinding oor die wonder en noodsaak van heilshistoriese Skrifverklaring in die teologie praat.

Die vertrou word uitgespreek dat hierdie spesiale uitgawe van *Waarheid en Dwaling* vir elke leser van besondere nut sal wees.

GJM

Skrifoordenking

Ds **HLJ Momberg**, Pretoria – Die Kandelaar

Die Woord van lydsaamheid en bemoediging laat ons hoop

Lees: Romeine 15:1-13

Ons het die roeping om toegeeflik teenoor mekaar te wees (verse 1-3), soos Christus aan ons geopenbaar het toe Hy ons laste kom dra het. Hy wil dat ons hoop uit die Skrifte verkry om God eendragtig te loof (4-7), waarby Jood en heiden elkeen 'n unieke plek het (8-13).

Paulus is besig om sy bekendstellingsbrief aan die Romeine af te sluit. So is hoofstuk 15 'n terugskou oor die hele brief, maar ook 'n regstreekse aansluiting by hoofstuk 14. Hy het in hoofstuk 14 behandel hoe die voorskrifte van die seremonies van die Ou Testament die gemeentelede van die Nuwe-Testamentiese kerk raak. Die lering is dat die Ou-Testamentiese seremonies met die koms van Christus in vervulling gegaan het; dit is aan die verbygaan en hoef nie meer onderhou te word nie. Oor hierdie saak moet die gemeente verdraagsaam teenoor mekaar wees. Die evangelie het in die Nuwe-Testamentiese tyd uitgegaan na sowel die Jode as al die ander nasies en volke. Daarom word die gemeente gemaan om mekaar te verdra en nie elkeen homself te behaag nie. Diegene wat sterk voel oor die voortgesette onderhouding van die Ou-Testamentiese eetgewoontes en feesdae moet nie veroordeel word nie en die wat sterk voel oor die afskaffing van hierdie seremonies moet ook nie veroordeel word nie.

Christus se gesindheid word hierby aan ons voorgehou (vers 3).

Dieselfde gesindheid wat in Hom was moet ook hoe langer hoe meer ons gesindheid word, deurdat Hyself in ons woon en ons in die lewe van die geregtigheid deur die geloof laat groei. Hy het nie Homself behaag nie. Dit bewys Paulus deur uit die Ou Testament aan te haal: 'Want die ywer vir u huis het my verteer, en die smaadhede van die wat U smaad, het op my geval' (Psalm 69:10).

Die werklikheid dat die mensheid met sondes besmet was, en dat hulle 'n gebrekkige geloof gehad het, was vir Christus nie 'n verhinderende om Hom met hulle te kom identifiseer en hulle te verlos nie. Waarom het Paulus die gesindheid van Christus uit die Ou Testament aangehaal wat ook in die gemeente aanwesig moet wees? Waarom die geskrifte van die Ou Testament? Vir die Nuwe-Testamentiese gelowiges is die Ou-Testamentiese geskrifte onontbeerlik. Die rede: Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe. Daarmee bedoel hy die wetboek van Moses, die boeke van die profete, die wysheidsliteratuur en die Psalms. Dit is tot ons lering geskrywe. Daarin hoor ons die hart en siel van Christus, sy erbarming vir ons. Paulus het in vers 3 uit die Psalms aangehaal. Uit hierdie Ou-Testamentiese geskrifte trek hy Goddelik-geïnspireerde lering vir die lewe en gedrag van die Nuwe-Testamentiese gelowiges. Nooit sal dit in die gedagtes van 'n apostel of enige ware leraar van die Nuwe-Testamentiese kerk opkom om die

Ou Testament van minder belang te beskou nie. Dit bly van Goddelike noodsaak omdat 'alles wat tevore geskrywe is tot ons lering tevore geskrywe is'.

Waarom is die Ou Testament tot ons lering tevore geskrywe? Daarmee voltooi Paulus sy sin in vers 4. Dit is: 'sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê'. Hy beskryf ons moeitevolle lewensomstandighede en hoe ons deur God tot die blye uitkoms van lewe en heerlikheid in volkomenheid gebring word; hoe ons in en deur Christus 'n nuwe hoop het. Hiervoor dien die Skrifte vir ons tot lering. In sulke omstandighede is daar lydsaamheid, bemoediging en hoop ter sprake; 'n lewenstryd teen die aanslag van die bose, teen die lewensbedreigende faktore wat ons hier op die vervloekte aarde teëkom; stryd teen ons eie sonde en gebrokenheid, ook teen die aanslag van ander mense se sonde en gebrokenheid. Dan is die woord lydsaamheid 'n baie positiewe woord. Ons sou dit selfs beter met volharding kon vertaal – gerig op die einddoel om dit te bereik, om in die wedloop soos 'n oorwinnaar te volhard en te voleindig. Dit is wat lydsaamheid hier sê. Daarvoor het ons die Skrifte tot lering.

Dieselfde geld vir bemoediging – ook 'n begrip wat uit die strydwêreld na vore kom. Om tot die einde toe in die stryd aan te hou moet ons voortdurend hoor watter krag in ons

werk, watter oorwinnings behaal word, watter strategie ons moet volg – bemoediging en aanmoediging totdat alles volbring is. Ons lees die Ou-Testamentiese boeke, die hele verbondsgeskiedenis; van al die episodes en intriges, van die sware ellendes wat die kerkvolk so dikwels oorval het. Telkens lees ons ook, soos ‘n stygende lyn, dat die HERE sy volk opwek, dat Hy die lewe voortplant. Hy tree in en maak persoonlik bemoenings met sy geliefde kinders. Telkens rig Hy die heilsgeskiedenis. Hy hou aan om sy kerk te vergader en te beskerm en te onderhou; getuies en uitroep van bemoediging, lewensgetuienisse van medegelowiges wat reeds die geloofspad geloop het, met volharding en lydsaamheid die teenstand opponeer en die wedloop met behoud van die geloof voltooi het. Daarvan is die Ou Testament ryk en vol. Ons lees by elke nuwe situasie dat die HERE sy verbondsafpraak nakom, dat hy sy eerste groot heilsbelofte aan Adam en Eva in Genesis 3:15 gestand doen en in vervulling laat gaan, dat Hy lewend en jaloers betrokke is by die lewe van sy kerkvolk. Hy bring sy aangekondigde raadsplan tot uitvoer. Hy stuur sy Messias-Seun soos Hy die belofte oor en oor in die Skrifte herhaal het. So kan ons uit die Skrifte lydsaamheid en bemoediging kry.

Die doel hiervan is dat ons ware hoop kan hê – ‘n lewende hoop; hoop wat heeltemaal iets anders is as hoop-so-hoop. Nou dat ons saam met ons voorouers Adam en Eva in sonde geval het, het allerhande ellende, ja die verdoemenis self oor ons losgebreek. Hopeloos! Die mens is elke dag in die desperate nood op verligting, bevryding. God het Self deur die Skrifte hierdie lewenshoop belowe, die groot nasaad van die vrou sal die slang se kop vermorsel. Die belofte is

duisende kere op verskillende maniere bevestig en eindelik met die koms van sy Seun waar gemaak.

Die hoop waarin ons gered is kom vir ons reeds vanaf die verordening van voor die grondlegging van die wêreld, van God se ewige raadsplan (Romeine 8). Dié hoop is so vas en seker dat Hy in vers 30 van ons toekomstige verheerliking praat asof dit in die verlede reeds afgehandel is. Hiervoor is die Skrifte van die Ou Testament bedoel: om ons wat in die worstelstryd van elke dag gewikkel is te leer van lydsaamheid, om moedig aan te hou en daarin bemoedig te word, om aan ons lewenshoop in Christus vas te gryp omdat ons weet dat dit ‘n vaste hoop is, ‘n betroubare hoop, ‘n blye verwagting, ‘n jubelende begroeting.

Daarom gee die apostel oor die spesifieke tema, die deelname van die heidennasies saam met die Jode, ‘n kragtige demonstrasie vir die gemeente van Rome. Die geskrifte van die Ou Testament gee vir mense wat nie-Jode is dieselfde hoop op verlossing in Christus Jesus. Ons moet in hierdie aanhalings elke keer kyk hoedat die nasies in dieselfde hoop op Christus betrek word. Dit begin in vers 9 waar hy sê: ‘soos geskrywe is’ en aanhaal uit Psalm 18:50 dat *die nasies* saam tot eer van u Naam sal psalmsing. Vers 10 is ‘n aanhaling uit Deuteronomium 32:43 – *die nasies* moet hulle verbly saam met sy volk. In vers 11 word Psalm 117:1 aangehaal: *alle nasies en volke* moet die HERE loof en prys. Jesaja 11:10 word in vers 12 aangehaal: Die wortel van Isai, uit die voorgeslag van Dawid (‘n profesie oor Christus wat as koning kom), sal oor *die nasies* heers en op Hom sal die nasies hoop.

So demonstreer Paulus dat die Ou Testament veelvuldig profeteer oor die hoop wat *alle nasies* op Christus koester. Daarom sy pleitrede dat die lidmate

van die gemeente wat uit verskillende agtergronde kom mekaar nie moet veroordeel nie. Waar almal in dieselfde verwagting in die een gemeente is, is hulle geroepe om mekaar binne die een verwagting te aanvaar, om mekaar se swakhede te verdra. Gelowiges uit die Jode wat uit hulle volkskultuur sekere lewenspraktyke onderhou soos wat die seremoniële wet dit voorgeskryf het, hoef nie ewe skielik anders te word nie. Hulle mag hulle fees- en eetgewoontes voortsit. Hulle mag egter nie die gelowiges uit die heidene veroordeel as hulle nie in dieselfde gewoontes deel nie. Sedert die verlossing in Christus aangebreek het hoef die seremoniële wet nie verder onderhou te word nie. By die apostelkonvent in Jerusalem (Handelinge 15) het die Gees die apostels en ouderlinge gelei om te besluit dat hulle geen verdere seremoniële laste op die bekeerlinge uit die heidendom mag lê nie. Net so is dit ook omgekeerd: die lidmate uit die heidendom moet nie die lidmate uit die Jodendom verguis omdat hulle as Jode steeds hulle volksgewoontes uitlewe nie. Die bymekaarkompunt is die feit dat die Skrifte lankal reeds verkondig dat die heidennasies saam met die Jode gemeenskaplik moet deel in die hoop op die verlossing uit ons ellende, die hoop wat alleen in Christus ‘n realiteit is.

Ons is met oneindig baie swakhede bevange. Tog het God ons reeds erfgename van sy hemelryk gemaak. Ons is reeds verlos, maar nog nie volkome nie. Ons is afwagtinge sugtendes in barensood – saam met die hele skepping. Dit is wat ons nou is. Wat ons nou hét is ons heerlike God en sy Woord. Met sy Woord wil Hy ons in die volhoudende stryd afrig. Hy wil ons bemoedig om aan ons lewende hoop in Christus vas te hou, ywerige dissipels van die Here te wees, studente van sy Woord van lydsaamheid en bemoediging.

Kerkerf

Mev A Drijfhout, Pretoria

Heilshistoriese Skrifuitleg in die klaskamer

Die Gereformeerde uitgangspunt is dat opvoeding in die eerste plek die taak van die ouers is en dat

die skool as verlengstuk dien. Dit is deel van die bekende driehoek: ouers, kerk en skool. Die ouers

is dus eerste verantwoordelik en eindverantwoordelik. Hulle het by die doop van hul kind,

in teenwoordigheid van die gemeente as getuies en medeverantwoordelikes, belowe om hul kind in die leer van die Ou en Nuwe Testament na hul vermoë te onderrig en te laat onderrig.

Saam sorg die drie, ouers, kerk en skool, vir die begeleide grootword van die kind as gelowige, bekwame en toegeruste kind van die Here wat sy plek in die samelewing vol kan staan.

Opvoeding van verbondskinders is om hulle te begelei om aan die beeld van God gelykvormig te wees (sy beheer van die skepping, omgang met sy naaste, en ook sy ontwikkeling van die kultuur, sodat hy God in alles kan dien en verheerlik).

Verval in die opvoeding van 'n kind lei tot verval in die kerk.

Leentes vandag

Namate Suid-Afrika, sy mense en sy instellings sekulariseer, kan 'n mens ernstige bedenkinge hê wat betref die christelike opvoeding van kinders. Al meer ouers werk en het nie tyd om hul kinders op te voed nie. *Huisgodsdienst* word verwaarloos. Ouers sit nie meer met hul kinders om 'n tafel en eet nie, maar sit liever voor die televisie. *Skole* word al hoe onchristeliker ('n dokument wat handel oor UGO-onderwys teenoor Skrifgefundeerde onderwys is by die byeenkoms uitgedeel).

Kerkbywoning gaan agteruit. In Hosea 4:6 waarsku die Here: 'My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis'. Heelwat Gereformeerde Kerke is besig om God se waarheid, wet en weë los te laat. Aanddienste waar die Heidelbergse Kategismus verkondig behoort te word, word afgeskaf. Woordverkondiging, sang en katekisasiehandleidings moet by die jeug aanpas, ensovoorts.

Ook die wêreld waarmee die kind in aanraking kom, word al meer onchristelik: musiek, koerante en tydskrifte, televisie, video's, internet en selfone.

Daarom is dit belangrik dat ouers wakker is, hul kinders onderrig in die Woord van die Here en hul kinders in gereformeerde skole plaas waar

Bybelonderrig 'n belangrike vak is. Al die ander vakke is ook belangrik en word so aangebied dat die kinders tot verwondering en eerbied vir die Here kom. Ons kinders moet kan sien dat God op alle gebiede regeer.

UITGANGSPUNT

Die Here self gee ons die opdrag om te vertel oor sy weg met sy volk. Ons lees dit in Psalm 78:1-7 en Deuteronomium 6:6,7.

Uit hierdie Skrifgedeeltes leer ons die volgende:

- Die Here gee ons die *opdrag* om van geslag tot geslag van sy roemryke daade te vertel.
- Die Bybel is 'n middel om die *groot daade* van die Here te leer ken.
- Deur die Here te leer *ken*, leer ons om op Hom te *vertrou*.
- Ons moet in liefdevolle *gehoorsaamheid sy gebooi* bewaar.
- Ons moet dit die *kinders inskerp* oral waar ons gaan.

Kennis van die Bybel is belangrik. Hier word van kennis van die Here en sy groot daade gepraat. In Bybelonderrig word kennis oorgedra – nie net feitekennis nie, maar die Bybelvertelling moet die kinders ook *vorm*. Hulle moet die Here vertrou, leer liefkry en leer dien. Hulle moet die kennis in hul eie daaglikse lewe kan toepas.

Dit maak ons verantwoordelikheid so groot. Daarom moet ons ook volle erns met hierdie opdrag maak en moeite doen om God se Woord so goed as moontlik te vertel. Dit kan ons slegs doen as ons self Bybelstudie doen en kennis opbou en groei in geloof. Ja, met ware vrees die Here dien en liefhê. Geesvervuld wees.

Die Here gebruik vir sy werk swak en nietige mense. Mense wat nie groot dinge van hulself verwag nie, maar wat alles van God verwag. Dit is nie die ouer of onderwyser wat die geloof aan die kinders gee nie. Die Here doen dit deur sy Heilige Gees. Ons moet die saad saai. God sal in sy genade en uitverkiesing die saad laat groei.

DOELWITTE

Tydens klasonderrig moet die volgende doelwitte verwesenlik word: kennis, vorming, insig en vaardigheid.

Kennis

Hulle leer die Here ken deur die geskiedenis van die Bybel. Die Here maak Homself deur die Woord bekend – sy daade, drome, visioene, verskynings, die wette, strawwe, die profete en deur sy Seun te stuur.

Die kinders moet probeer om feite en name kronologies te orden. Hulle leer om die Bybelboeke van die Ou en Nuwe Testament op te sê. Hulle moet Bybelse name in verband bring met plekname, verhale, persone en feite. Sekere Bybeltekste kan hulle memoriseer.

Vorming (vertroue)

Die kinders kom tot verwondering en eerbied vir die Here. Hulle wil lewe as kinders van God, wat teen die sonde stry. Hulle het Christus lief wat met sy kosbare bloed sy volk vrygekoop het.

Hulle wil die Here loof en prys deur Psalms te sing. Hulle is eerbiedig wanneer gesing, gebed en uit die Bybel gelees word.

Insig

Uiteindelik moet die kinders raaksien dat dit gaan oor die stryd tussen Christus en Satan en dat die Here die geskiedenis lei. Hulle moet raaksien hoe die Here 'n verbond met sy kinders sluit. Hulle moet ook raaksien hoe die Here in die Ou Testament heenwerk na die koms van Jesus Christus.

Vaardigheid

Kinders word geleer om Bybeltekste asook Psalms op te soek. Hulle geniet dit om plekke soos Jerusalem, Nasaret, Betlehem op Bybelkaarte aan te wys.

INHOUD VAN HEILSHISTORIESE BYBELVERTELLING

Waarom word Bybelgeskiedenis ook Heilsgeskiedenis genoem? Die hele

Bybelgeskiedenis handel oor die verlossing (heil) deur Christus.

Die tydlyn

Ons gebruik 'n tydlyn as hulpmiddel om kennis kronologies te onthou en om heilshistoriese lyne daarop uit te wys. Die kinders geniet dit om op hierdie manier hul eie kennis te toets wanneer hersiening gedoen word. Hulle kry so 'n goeie oorsig van die heilsgeskiedenis.

Bo-aan die tydlyn staan: God regeer.

Die tydlyn word in twee gedeeltes: Ou Testament, Nuwe Testament.

Die hele Bybel praat en gaan oor Christus. Ons noem dit Christosentries. Ou Testament – Jesus gaan kom. Nuwe Testament – Jesus Christus het gekom en gaan weer kom.

Na die vertelling van 'n verhaal, word die naam daarvan, byvoorbeeld 'Die skepping' op die tydlyn geplaas. So word al die verhale na 'n vertelling min of meer kronologies op die tydlyn geplaas.

Heilshistoriese lyne word ook op die tydlyn aangedui.

Daar is vier belangrike lyne wat aan elke verhaal dieper betekenis en inhoud gee:

- Teosentries – God regeer
- Antitiesies
- Heilshistories – koms van die Verlosser (Christosentries)
- Verbondsmatig

Hierdie lyne word tydens of na 'n Bybelvertelling uitgewys. Die lyne kan egter eers goed begryp word wanneer ons die *Moederbelofte* goed ken en verstaan. Die Moederbelofte is die Moeder van al die volgende beloftes in die Bybel.

God regeer, Hy lei alles

Die eerste Bybelvertelling wat in 'n Graad 1 klas aangebied word, handel oor God drie-enig en die geïnspireerde Woord van God. Dit is belangrik dat hulle weet wie ons God is, en hoe ons hom kan leer ken.

Wie is ons God?

God drie-enig regeer as een Wese, drie Persone (HK, Sondag 8). God is almagtig en ewig. Dit is ons belydenis; ons glo in God die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

God die Vader is die Skepper wat alles onderhou, versorg en regeer. God die Seun is ons Verlosser van ons sondes en verseker my van die ewige lewe.

God die Heilige Gees skenk ons geloof en werk in ons harte sodat ons gewillig vir God lewe. Hy is ons lewensband met God.

Enkele voorbeelde waar God drie-enig in die Skrif werksaam is:

- God die Vader het geskep deur die Woord (Seun) en die Gees van God het gesweef op die waters. God het gesê: 'Laat Ons mense maak na ons beeld' (Genesis 1:26).
- 'Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie' (Genesis 11:7).
- By die doop van Christus het die Gees van God soos 'n duif neergedaal en die Here het gesê: 'Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het' (Matteus 3:16,17).

Vandag word ons kinders in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop.

Hoe leer ons God ken?

God regeer deur die Skepping en die Woord (Bybel).

Skepping: In Psalm 19:2 en 9 lees ons daarvan: 'Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande ... Die bevel van die Here is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer: dit verlig die oë'.

Woord: God openbaar Homself in die Woord. Die Woord is waar! Al die boeke in die Bybel is waar want die Heilige Gees het die skrywers van die boeke geïnspireer. Die Heilige Gees getuig in gelowiges se harte dat dit waar is.

In sy Woord sien ons hoe God regeer:

- In die begin het God die hemel en die aarde geskep. En dit was goed!

- God het die mens geskep, uit die stof geformeer en asem in sy neus geblaas (vertel die kinders waarom die evolusieteorie nie kan standhou nie). Hy het die mens na sy beeld geskep met 'n taak as onderkoning en om God se heerlikheid te weerspieël. Die mens was daarvoor as profeet, priester en koning toegerus.
 - God gee aan die mens 'n paradys wat hy moet bewerk, bewaar en bewaak.
 - God gee die mens 'n hulp, 'n vrou gebou uit sy ribbene. Adam ontvang sy vrou met 'n lied – die eerste bruilofslied in die Bybel (Genesis 2:23). Die laaste roep in die Bybel is ook van 'n bruid, die kerk (Openbaring 22:17). Die begin en einde van die heilsgeskiedenis sluit by mekaar aan (Sola Scriptura, dr C van der Waal).
 - Die mens ontvang 'n proefgebod wat hy nie nagekom het nie; verlei deur die slang kies hulle teen God. 'n Geweldige groot gebeurtenis wat verandering in die wêreld bring!
 - Die harmonie is meteens tussen God en die mens, asook tussen mens en mens versteur.
 - Die mens skaam hulle voor God en mekaar en maak klere van vyeblare.
 - Dan kom die oordeel oor die hele nageslag van Adam. Die slang word vervloek, die posisie van man en vrou word swaar. 'Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer'.
 - In hierdie donkerte regeer God en bring lig.
 - Adam se vrou word moeder van alle lewendes, en word Eva genoem.
 - Dit is die Here wat met die *moederbelofte* kom en met ons 'n verbond sluit.
 - Die moederbelofte werp sy strale deur die hele geskiedenis! Mag ons die glans van die Woord in hierdie lig sien.
- Die hele Bybel handel oor God wat oor die hele skepping en geskiedenis regeer. Hierdie heerskappy is heilig, liefdevol en lewewekkend.

Die antitese

Daar is 'n oorlog aan die gang vanaf die sondeval tot die jongste dag. In

hierdie oorlog probeer Satan om die *kinders* van die Here afvallig en ongehoorsaam aan Hom te maak. Van hierdie teenstelling moet aan die kinders vertel word omdat hulle ook in die oorlog betrokke is.

Enkele voorbeelde:

- Tydens die sondeval sien ons Satan wat teen God ingaan. Hy het die mens verlei.
- In die *moederbelofte* sien ons oorlog, vyandskap tussen die nageslag (kinders) van Satan en die nageslag (kinders) van die vrou. Vyandskap tussen ongelowiges en gelowiges. 'En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad, en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt' (Genesis 3:15). Hierdie vers leer die kinders uit hul kop en daarmee saam ook die betekenis. As ons die Bybel wil verstaan, moet ons die Moederbelofte goed begryp.
- Ons sien die antitese in die geskiedenis van Kaïn en Abel, Isak en Ismael, Jakob en Esau.
- Vanweë die antitese moes die Israëliete later die Kanaäniete uit Kanaän uitroei.

God kondig die koms van die Verlosser, die Messias aan

Ons het in die moederbelofte geleer dat daar 'n stryd tussen vroue- en slangesaad is. Uit die vrouesaad sal iemand gebore word wat die kop van Satan sal vermorsel! Hierin lê die groot belofte: God kondig die Verlosser aan, die Here Jesus Christus! In die Ou Testament sien ons hoe die Here heenwerk na die koms van Jesus. Ons sien dit in beloftes en seëninge. Ons sien dit selfs in persone, voorwerpe, feeste, die offerdiens, en in die Psalms. Die volgende is enkele voorbeelde:

Seëninge spreek van die Messias

- God belowe aan Abraham '... in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word'. Die Verlosser word uit Abraham se nageslag gebore.
- Juda het die volgende seën ontvang: 'Die septer sal van Juda

nie wyk nie, nóg die veldheerstab tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees' (Genesis 49:10).

Ampsdraers is Christus-tipes

Ampsdraers in die Ou Testament is afskaduwings van Christus. Hulle is egter sondige tipes. Enkele voorbeelde:

- Moses lei die volk uit die slawehuis, uit Egipteland. So lei Christus ons uit die slawehuis van die sonde.
- By die berg Sinaï sien ons Moses as middelaar optree. In die Nuwe Testament sien ons Christus as volmaakte Middelaar.
- Josua bring Israel in die beloofde land. Christus gee ons lewe op die nuwe hemel en aarde.
- Boas, die lossers, verlos Rut uit haar ellende. Christus red ons uit ons ellende.
- Konings van Juda en Israel is voorbeelde van Jesus Christus, die Koning. Hulle is slegte voorbeelde, want geeneen was in alles gehoorsaam aan die groot Koning nie. Hulle kon ook nie die hart van die volk verander nie. Jesus Christus vernuwe ons hart.

Voorwerpe verwys na die Messias

Die kinders leer alles van die tabernakel – ook die simboliek van al die voorwerpe. Enkele voorbeelde:

- Die ark in die Allerheiligste van die tabernakel is die troon van die Here in sy huis. Vanaf die versoendeksel sal die Here met Moses spreek (Eksodus 25:10-22).
- Die tafel van die toonbrode verwys na die Messias. Op die tafel moet altyd brood wees. Die Here hou sy volk in die lewe. Christus is die brood van die lewe.
- Die kandelaar bring lig in die huis van die Here. Christus is die lig (Openbaring 21:23).
- Die koperslang wat Moses in die woestyn omhoog hou, beteken dat Satan magteloos is. Elkeen wat gebyt is en na die simbool kyk, sal lewe. Soos die slang verhoog is,

sê Jesus, so moet ook Hy verhoog word (Johannes 3:14, 15).

- Die offers en feeste, soos Pasga, spreek van die Messias wat besig is om te kom – die Lam, Christus wat aan die kruis geoffer word.

God werk in die geskiedenis na die koms van die Messias

Enkele voorbeelde:

- God maak Josef onderkoning van Egipte om Jakob en sy nageslag in die jare van hongersnood te red. God bewaar die vrouesaad. Die Messias moet kom.
- God bring die volk vanuit Egipte na Kanaän en later vanuit die ballingskap na Israel. Die Messias moet daar gebore word.

Die Psalms spreek van die Messias se koms

Enkele voorbeelde:

- Psalm 110: hierdie Messiaanse Psalm beskryf dat Hy sy vyande 'n voetbank vir sy voete maak en vir Satan in die kruisiging oorwin.
- Psalms 2, 22, 69.

Satan se werk om die koms van die Messias te voorkom

Satan poog telkens om te voorkom dat Jesus sy versoeningswerk kan volbring.

Enkele voorbeelde:

- Satan probeer die vrouesaad uitroei. Net een gesin het in die tyd van Noag die Here gedien.
- Satan probeer die Israëliete in Egipte uit te roei deur slawe-arbeid en die bevel om die babaseuntjies in die Nyl te gooi. Farao is 'n werktuig in die hande van die Satan; so ook die Amalekiete in die woestyn.
- Hy rig aanvalle op die koningshuis van Dawid.
- Die kindermoord in Betlehem.

Die verbond

Die Ou Testament beteken die Ou Verbond en die Nuwe Testament beteken die Nuwe Verbond. Die hele Skrif is 'n verbond. Die verbond is die verhouding tussen

God en sy verbondskinders. Volgens die Skrif het die Here sy genadeverbond met die gelowiges en hulle kinders opgerig. Die doop is 'n teken en seël daarvan. God verbind Hom aan ons sodat ons sy eiendom is en Hom kan dien.

Verbondsbelofte (belofte)

In die verbond wat God met ons sluit, is die belofte (Genesis 9:11; 17:7). In die verbond is daar die belofte van 'n nageslag, 'n land, die belofte dat die Here sal sorg, beskerm en die groot belofte van die Verlosser. Daar is verbondseën, soos voorspoed, vir die wat God gehoorsaam.

Verbondseis (bevel)

God stel eise aan diegene met wie 'n verbond gesluit word: geloof, bekering en gehoorsaamheid.

Verbondsoordeel (bedreiging)

God straf ongehoorsaamheid. Hy straf die Israëliete as hulle afgode aanbid. Die ballingskap is 'n straf van die Here vanweë die volk se ongehoorsaamheid. God straf deur vyande te stuur.

Die Here sluit sy verbond om gemeenskap, omgang met sy volk te hê. Enkele voorbeelde:

- God kom met die moederbelofte. Die mooi verhouding tussen God en die mens is deur die sondeval versteur. God laat die mens nie daar lê nie, Hy oorbrug die afstand tussen Hom en die mens met 'n groot belofte: Hy belowe dat Jesus Christus wat deur die kruisiging versoening sal bring, weer die band sal herstel.
- Die verbond met Noag: God belowe dat Hy die waters van die sondvloed nie weer oor die aarde sal laat gaan nie, met die reënboog as teken. God sal sy ewige verbond hou! Dit moet ons telkens onthou as die reënboog verskyn.
- Die verbond met Abraham (Genesis 17). God sluit 'n verbond met Abraham, vol beloftes van 'n groot nageslag. Hy sal 'n vader wees van nasies, die land Kanaän beërwe. God sal vir hom 'n God wees. As teken stel die Here die besnydenis in. Die verbondseis wat die Here aan Abraham stel is dat hy en sy

nageslag die verbond sal hou. Deur die verbondsvolk berei God die verlossing vir al die nasies voor.

- Die verbond met die Israëliete by Sinaï. 'Ek sal julle as My volk aanneem en vir julle 'n God wees' (Eksodus 6:6). Hier sien ons die kern van die verhouding tussen God en Israel. 'Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het.' Dan volg die tien gebooië. Die wet is 'n openbaring van die wil van God.
- Die verbond met Dawid: 'Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer ...' (Jeremia 23:5). Dit is 'n ewige verbond wat strek tot in die Messiaanse eeu (1 Kronieke 17:14).

Gehoorsame verbondskinders erf die seën. Alhoewel Jakob 'n bedriër was, bekeer hy hom en worstel met God om die seën. Ongehoorsame verbondskinders ondergaan die wraak. Esau verag sy eersgeboortereg en word 'n hoereerder genoem (Hebreërs 12:16). Dit dui op ontrow in die verbond.

In die geskiedenis kan die verbond in drie tydperke gedeel word:

Verbond van Adam tot Abraham – alle gelowiges uit alle volke.

Verbond van Abraham tot Pinkster – die volk Israel.

Verbond van Pinkster en verder – alle gelowiges uit alle volke.

God hou sy verbond en is telkens lewewekend besig. Vanuit die dood bring Hy weer lewe. Byvoorbeeld: na die sondeval – die moederbelofte; na Abel se dood – Set; in die dood van die sondvloed spaar Hy Noag; slawerny in Egipte – uittoeg; ballingskap – terugkeer; Christus sterf vir ons sondes – opstanding; ons ou mens – nuwe mens.

VOORBEREIDING VAN 'N BYBELVERTELLING

Gebruik altyd eerste die Bybel – dit is die bron van u vertelling; daarby kan ander betroubare bronne gebruik word.

Lees en herlees die beplande gedeelte uit die Bybel.

Skryf neer wat die strekking van die verhaal is.

Weet by elke onderdeel wat gebeur, wie daarin 'n rol speel, waar dit afspeel, wat die tydperk en die tydsduur is.

Werk die onderdele van die verhaal uit: inleiding, ontwikkeling van die verhaal, hoogtepunt en die afsluiting.

Vertel heilshistories: dit is om die Bybel Christosentries te benader. Verhale word nie in fragmente versnipper nie. Die kinderbybel vertel verhale op dié manier en daarby dramatiese en romantiese gegee. As jy grootgemaak is met Bybelse figure en los tekste, hoe gaan jy die profete en die briewe verstaan? Ons moet gewillig wees om ook na ingewikkelde uitsprake van wysheidsdigters, profete en apostels te luister. Die Ou Testament help om die Nuwe Testament te verklaar en andersom. Albei testamente het Christus as middelpunt (Sola Scriptura, Gids vir Bybelstudie, Dr C van der Waal, Deel 1, p 32).

Kyk na die vier belangrike lyne wat diepere betekenis gee: God regeer, die verbond, die antitese en die heenwysing na Jesus Christus (al die lyne is nie altyd daar nie).

Die boodskap van die verhaal staan nie los nie, maar in konteks met die geskiedenis van die Bybel. Die toepassing moet reg wees soos wat dit God se bedoeling is. Die Bybel bly Godsopenbaring – dus geen sedeles nie. Uit die verhaal van Josef en sy broers gaan dit oor God se plan met Josef na Egipte en nie dat ons daaruit leer om nie jaloers te wees nie.

Dit is uiters belangrik om baie goed voorbereid te wees. Ons moet die volle wapenrusting aantrek (Efesiërs 6) deur die Woord van God te ken sodat ons kragtig kan werk in die Here! Satan gebruik dwalinge om die Skrif af te water, deur Skrifkritiek en leervryheid.

DIE BYBELVERTELLING

Hoe vertel moet word

Die Bybelvertelling is nie 'n storie nie, dit is die Woord van die Here. Maak seker dat niks vertel word waarvan daar nie in die Bybel sprake

is nie (drie of meer wyse manne, stal/huis).

Vertel boeiend sodat die kinders deur jou oë sien hoe alles gebeur het. Vertel só dat hulle jou nie meer sien nie maar vir God. Oppas om dramaties te wees – God is heilig.

Moenie moeilike woorde gebruik nie. Belangrike woorde soos genade, verbond, barmhartig, welgeluksalig, ensovoorts, moet wel gebruik word, maar goed verduidelik word.

Sit voor die kinders met die Bybel oop op jou skoot. Toon respek.

Wag tot die kinders doodstil sit voordat jy begin vertel.

Lig hulle in om nie vrae te vra tydens die vertelling van die verhaal nie. Dit breek die kinders se aandag. Hulle kan later vrae vra.

Na die vertelling, of as dit beter pas tydens die vertelling, is dit goed om gedeeltes van die vertelling uit die Bybel voor te lees. Die Bybel se taal moet altyd vir hulle bekende taal wees.

Die opbou van die vertelling

- Inleiding: plaas die kinders direk in die verhaal.
- Die ontwikkeling, opklimming van die verhaal.
- Die hoogtepunt en oplossing.
- Die afsluiting.

Kontak met die klas

Oogkontak, houding, gesigsuitdrukking, gebare, asemhaling, stem, intonasie, beklemtoning, tempo, hoorbaarheid, is belangrike faktore.

Eerbied

Kinders sal eerbied betoon as hul onderwyser vol eerbied vir die Here is en Geesvervuld vertel.

Orde

Die gebed is nie 'n manier om die kinders stil te kry nie. Die kinders moet eers stil en eerbiedig sit voor ons met die gebed begin. 'Verhef julle harte tot God.'

DIE GEBED

Die 'Onse Vader' wat Jesus aan sy dissipels geleer het, word geleer asook die betekenis daarvan.

Die belangrikste deel van ons dankbaarheid wat God van ons eis is die gebed (HK, Sondag 45).

'n Voorbeeld hoe ons kan bid:

- Aanhef: begin met 'Onse Vader' (Hy is ons Vader deur Christus).
- Lofprysing: God se grootheid.
- Danksegging: dank vir alles wat die Here ons skenk.
- Voorbidding: gee wat ons nodig het ..., bid vir siekes, ensovoorts.
- Skuld bely en vergewing vra: ons sondig elke dag.
- Amen: dit is waar en seker, want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer.

PSALMS

Met die sing van Psalms gee God se kinders uiting aan blydschap en verdriet, vertroue, dankbaarheid en moeities in die lewe. Dit is nodig dat ons die Psalms wat ons sing verstaan.

Kerkerf

Prof VE d'Assonville, Pretoria

Die verheerliking op die berg

'n Vertrekpunt vir heilshistoriese prediking van die Skrif

Wat is 'n preek? Twee woorde: *belofte* en *eis*. Wat is die belofte? Niks anders nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde (1 Korintiërs 2:2). Wat is die eis? Hoor, Israel, die HERE onse God

is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag (Deuteronomium 6:4-5; Matteus 22:37).

Dan sal ons dit van harte met ons hele hart, verstand en krag sing.

Ons kry 'n rykdom van Skrifkennis deur die Psalms te ken. Die Psalms kan ons in moeilike tye troos. Die vraag is: Moet die kinders al die soorte Psalms ken, of kan ons die wraakpsalms en klaagliedere uitlos?

Die kinders moet al die Psalms leer, al verstaan hulle nog nie alles nie. Hulle kan later as hulle volwasse is dit beter verstaan. Tog moet ons probeer om die Psalm so goed as moontlik duidelik te maak. Ons moet goeie voorstudie doen oor elke Psalm wat ons vir die kinders leer. *Die Psalms sing van Christus* van prof VE 'd Assonville is 'n goeie boek om te gebruik.

In die laerskool leer die kinders elke week 'n nuwe Psalm.

SLOT

Deur die jaar se Bybelvertelling sien die kinders vandag vanuit die Skrif hoe heilig God is. Hoe daar 'n stryd, 'n oorlog is waarin ook hulle betrokke is. Hoe ellendig, vol van die erfsonde almal is. Hoe God verlossing bring deur sy genade. Hoe ons ons dankbaarheid vir God kan uitleef.

Dit 'n belangrike opdrag om 'n Bybelverhaal te vertel. Die Heilige Gees werk die geloof in ons deur die Woord, deur die prediking, deur Bybellees, Bybelstudie en ook deur die Bybelvertelling.

Ons mag nie in eie krag en eie wysheid werk nie, maar altyd tot God bid dat Hy ons deur die Heilige Gees die insig, krag en wysheid sal gee om hierdie taak te kan verrig.

God spreek in die geskiedenis

Hy is die *sprekende God*, die *Deus loquens* soos Calvyn Hom genoem

het (Institusie 1,7,4). In die Ou Testament het Hy deur sy profete gespreek. In hulle het die Gees van Christus vooruit gespreek (1 Petrus 1:11). In hierdie laaste dae het Hy tot ons gespreek deur sy Seun (Hebreërs 1:1). Die feit bly: God het in die *geskiedenis* tot die mensdom gespreek. Dit was meteen sy Selfopenbaring. Ons praat dus van die openbaringsgeskiedenis. Die Bybel bied homself in die vorm van geskiedenis aan. Dit is die geskiedenis van ons verlossing deur die genade van ons Here Jesus Christus. Daarom noem ons dit ook *heilsgeskiedenis* – heil (redding) deur die Seun van God. Hierdie heilsgeskiedenis moet aan die wêreld in sy volheid gepreek word. Dat sommige van ons liever van *openbaringsgeskiedenis* praat, moet geen probleem wees nie. As ons die term heilsgeskiedenis gebruik, moet ons deeglik onthou dat dit nie dieselfde as die Duitse term *heilsgeschichte* is wat deur manne van die Skrifkritiek ingespan word nie.

Ons gebruik die term *heilsgeskiedenis* en *heilshistories* in ooreenstemming met ons belydenis oor die volle Skrifgesag – artikels 3-7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis. Ons bely die volkome eenheid van die Heilige Skrif. As ons hierdie heilsgeskiedenis gaan opbreek in klein aparte fragmentjies weg van die geheel, as ons die groot waarheid oor Jesus Christus – ter wille van ‘n mooi sede, ‘n politieke idêe, ‘n mooi voorbeeld om na te volg of ‘n buitensporige tipologie of allegoriese verklaring van die kruis – in klein aparte waarheidjies gaan opsnipper, dan gaan dit van die begin af skeef in die prediking. Dan word die Bybel ‘n kodeboek, ‘n kompendium van mooi tekste vir die dominee om sedepreke te maak. As die *eenheid* van die Heilige Skrif losgelaat word, word die eenheid van die Ou Testament en die Nuwe Testament ook losgelaat en word Christus nie in die Ou Testament raakgesien nie. Die gevolge is ramspoedig.

Om iets van die insig van hierdie saak tuis te bring, laat ons na die geskiedenis van die sogenaamde verheerliking van Christus op die berg gaan kyk. Ons vind dit in Matteus 17:1-13, Markus 9:2-13 en Lukas 9:28-36.

Christus se lyding op die berg

Wie praat ooit oor ons Heiland se lyding op daardie besondere berg? Almal dink net aan sy verheerliking. Ook die Bybelvertalers vestig met hulle opskrifte alleen die aandag op die heerlijkheid. Wanneer ons die geskiedenis in sy eenheid lees, kom ons agter dat Jesus juis op daardie berg verskriklik gely het; dat sy lyding vir Hom ‘n lewenskrisis was, een van die bitterste tye waarin Hy alreeds die ‘onuitspreklike angs, smarte en verskrikking’ van die hel, waarvan Sondag 15 van die Heidelbergse Kategismus praat, verduur het.

Al drie die evangeliste sê dat hierdie uitstaande gebeurtenisse ‘n week ná Petrus se aangrypende belydenis gekom het: ‘U is die Christus, die Seun van die lewende God’ (Matteus 16:16). Hierdie belydenis was só groot dat Christus dit as die fondament van sy kerk verklaar! Dit is ook ‘n week nadat Simon Petrus met sy afwysing van die kruispad vir Jesus ‘n *Satan* geword het. Deur Petrus het sy kerk die kruispad veroordeel: ‘Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!’ (Matteus 16:22).

Hierop was Christus se reaksie radikaal. Die hel gaan oop. Petrus word vervloek: ‘Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ‘n struikelblok!’ (Matteus 16:23). O, hoe vreeslik! Petrus se belydenis wat nog ‘n oomblik vantevore die fondament van die kerk genoem word, is nou ‘n rots van struikeling vir Jesus, ‘n klip waaroor ‘n mens val. Die Seun van God val oor Petrus en ook oor die ander dissipels, omdat hulle stilswyend met Petrus saamgestem het, duiwels geword het. Ná Jesus Christus se prediking vir drie jaar lank, ná al die wondertekens om die evangelie van die Skrifte te bevestig – juis die Ou Testament, Moses en die profete – lê die evangelie van die kruis aan skerwe. Julle is nie meer my volgelinge, my dissipels nie, maar ‘n klomp duiwels wat vooruit hardloop omdat julle nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense (Matteus 16:23)!

Jesus Christus het hier in een van sy grootste krisisse gekom. Hier staan die kerk midde in die krisis van tyd

en ewigheid. Die hel begin om die kerk te oorweldig. Wat nou? Daar is net één pad: Jesus gaan na die eensaamheid. Hy gaan bid. Lukas vertel dit aan ons. Hy gaan sy Vader opsoek. Dit het Hy altyd gedoen as sy lewe ‘n krisis word – byvoorbeeld as Hy die berig van die onthoofding van Johannes die Doper hoor; as Kapernaüm met al die wonderwerke wat Hy daar gedoen het, Hom verwerp; as Hy die tuin van Getsémané ingaan. Die Vader sal nou moet help; die dissipels het sy lyding aan die kruis verwerp. Daar moet drasties iets gedoen word! Daarom vertrek hy na die eensaamheid, na die hoë berg, soos wat dit hier staan, ver weg van die mense. Klim maar die hoë berg. Doen dit met drie Satans – Satan Petrus, Satan Johannes en Satan Jakobus. Klim maar die moeisame pad na bo met die drie duiwels; dit is swaar, dit is lyding. Die ergste lyding is die feit dat Christus se gemeente die evangelie van die kruis verwerp het. Ten alle koste moet dit gered word en alleen die Vader kan dit doen. Die drie wat Hy saamneem moet maar moeisam tree vir tree die steilte klim sodat hulle kan sien en hoor en getuies van die gebeurtenisse op die berg kan wees.

Dit is nodig dat ons al drie die evangeliste wat hierdie geskiedenis beskryf, goed nagaan. Dan is dit duidelik dat hulle ‘n hele nag op die hoë berg was. Lukas vertel dat hulle eers die volgende dag van die berg afgeklim het. Net soos by Getsémané kon die drie dissipels nie saam met Jesus wakker bly nie. Hy gaan eenkant om te bid. Hulle gaan lê en slaap.

Ons praat van Jesus Christus se lyding op die hoë berg. Weet u dat dit so erg was dat ons kan sê dat dit nooit vantevore in sy lewe só fel was nie! Angste van die hel het Hom die berg op gedryf! As die Vader Hom nie in die uur van sy gebed bygestaan het nie, dan het die poorte van die hel sy kerk totaal oorweldig. As Satan se woorde ‘nooit die kruispad nie’ sou bly bestaan, dan het sy hele koms na die wêreld totaal misluk! Ja, wat sal die mense dan verder sê wie Hy is: Elia of een van die ander profete; een wat soos hulle hier op aarde tydelik, net vir ‘n rukkie was – en toe is alles verby? Dan is Hy weer heeltemal

teruggegooi vóór die belydenis van sy kerk: 'U is die Christus, die Seun van die lewende God'. Nee, nie net 'n stap terugwaarts nie, maar erger: die Evangelie van die kruis is tot niet! Geen versoening vir die sondige mensdom meer nie, geen redding van sondaars meer nie – op die end alleen die hel wat oorwin!

Ook hier op die berg in die eensaamheid is sy siel tot die dood toe bedroef as Hy met sy Vader worstel. Dit terwyl sy kerk lê en slaap! Die laaste wat hulle van Hom getuig het: Nooit lyding nie! Nooit 'n kruis nie! Nooit die dood nie! Slaap maar rustig kerk. Ag, hulle begryp niks van sy evangelie nie. Hulle het ná alles nog nie raakgesien dat die mens alleen deur *lyding* tot *heerlikheid* kom nie. Hulle glo nie hulle Bybel, die Ou Testament, nie. Hulle is soos die Emmaüsgangers, die onverstandiges met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het (Lukas 24:25). Dit is Jesus se lydingsworsteling met sy Vader op die berg. As die Skrifte tog maar vir die dissipels sal oopgaan! O, as sy kerk tog maar die Ou Testament in sy volheid kan raaksien!

En toe gebeur dit. Die Vader het geantwoord. Meteens is Christus in die hemelse heerlijkheid gehul – saam met die Ou Testament!

Christus se verheerliking op die berg

Die drie dissipels word wakker. Hulle sien 'n ander wêreld wat hulle nog nooit vantevore gesien het nie – die hemelse heerlijkheid. Hulle sien nog meer – ook Moses en Elia. Hulle praat met Jesus. Die drie dissipels hoor nie die gesprek nie, maar Lukas wat alles nagevors het, skryf dat die twee manne uit die geskiedenis van die Ou Testament met Jesus gepraat het 'oor sy uitgang wat Hy in Jerusalem sou volbring', met ander woorde daardie *via dolorosa*, daardie lydingspad na Golgota. Diep in die nag as die kerk slaap, word daar intens oor Jesus se lydingsweg gepraat. Die Ou Testament praat met Hom!

Die drie dissipels sien meteens die antwoord op Jesus se gebed: Die hele Ou Testament gaan voor hulle oop. Moses en Elia is

die verteenwoordigers van die wet en die profete. In hulle as verteenwoordigers kom die kerk van die Ou Testament, die ontslape heiliges, God se uitverkorenes, na Christus toe. Wat 'n onbeskryflike gesig van hemelse heerlijkheid wat 'n mens op hierdie aarde nie ken nie.

Satan probeer nogeens om die heilsgeskiedenis op te breek

Wat is nou die dissipels se antwoord? Weereens is dit Petrus wat die voortou neem. Maar hy is so ontsettend voorbarig. Niks is vir hom gevra nie en niemand het iets vir hom gesê nie. Hy begin sommer praat. Hy is die verteenwoordiger van Christus se kerk, maar uit wat hy sê, blyk dit dat hy steeds Satan Petrus is. Hy kom met 'n naïewe, sotlike voorstel wat eintlik benede kritiek is: Drie aardse hutte vir elkeen van die manne in hulle hemelse heerlijkheid. Tereg sê die Skrif: 'Hy het nie geweet wat hy sê nie' (Lukas 9:33). Nou weet ons dat Satan weer probeer om deur Petrus die *heilsgeskiedenis* op te breek. Petrus doen dit as verteenwoordiger van Christus se kerk. Nie meer 'n prediking van die wet en profete, die Ou Testament nie, maar ander dinge op die kansel. Hier het ons die één groot sonde van baie kansels in die kerkgeskiedenis: breek die heilsgeskiedenis in klein fragmentjies volgens die smaak van mense op. Maak bloemlesinkies van mooi tekste en hou die gemeentes daarmee besig. Begryp jou, as die kerk voor die heerlijkheid van die Ou Testament staan (die wet en die profete), dan verwag sy: Ons moet vir hulle drie nou hier op die aarde hutte bou. Sommer 'n klomp takke bymeekaarmaak en 'n paar takskerms vir manne uit die hemel. So aards. So sondig. So platvloers. Is dít die idee wat die kerk van die Ou-Testamentiese evangelie het? En van die heilsgeskiedenis?

Die heerlijkheid sonder die kruis in die onvoltooide teenwoordige tyd

Wat Satan en Simon Petrus op die berg probeer doen, is om die hemelse heerlijkheid op die aarde

op daardie punt in die geskiedenis voort te sit in die onvoltooide teenwoordige tyd – die *praesens imperfectum*. Laat die wêreld van Christus se lyding vergeet. Laat die mense vergeet dat hulle self moet ly as hulle Christus wil volg. Hulle moenie self 'n kruis dra nie. Dit het Jesus nog pas vantevore in dieselfde hoofstuk aan sy kerk gesê: 'As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg' (Lukas 9:23). Die wêreld het 'n ander advies vir die kerk: nie *lyding* nie, maar 'n heerlijkheid wat ons hier op aarde moet vashou! Vergeet van die Ou Testament wat 'n *lydende* Christus en *lydende* dissipels, navolgers, van Hom preek. Nie 'n kruis van Christus nie, maar ook nie 'n kruis vir die kerk as sy navolger nie. As Moses en Elia maar rustig hier saam met ons in heerlijkheid woon, dan is ons ook verseker van ons heerlijkheid.

Dan preek die kerk 'n soetsappige evangelie van 'n heerlijkheid hier op aarde. So word die heilsgeskiedenis van Moses en die profete en die Psalms (Lukas 24:46) opgelos in sedepreke. Uit die verbondsgeskiedenis voorsien die dominees pragtige voorbeelde (*exempels*) van manne en vroue wat nagevolg moet word om nader aan die heerlijkheid op aarde te kom, 'n eksemplariëse prediking wat die gemeente aan die slaap sus.

Luister tog na Christus

Feitlik dadelik na Petrus en Satan se bouplanne van hutte – die bloudruk met sy aardse argitektuur met los Bybeltekste – kom God se radikale, ewige ingryping. Sy stem uit die volk: 'Dit is my geliefde Seun; luister na Hom!' Hier kry ons die finale beginsel in die *heilshistoriese prediking*: God se STEM in die openbaringsgeskiedenis! Let op dat volgens die evangelie van Lukas, hierdie stem van God *in teenwoordigheid* van Moses en Elia gekom het. Die Ou Testament was hier die *ooggetuie* en *oorgetuie* van die Nuwe Testament. Later het dieselfde Petrus, dieselde man wat vir 'n tyd lank 'n Satan was, dit goed begryp. As hy die suiwer prediking aan die Nuwe-Testamentiese

gemeente verduidelik, as hy vertel van 'die profetiese woord wat baie vas is', skryf hy in sy tweede brief oor hierdie stem: 'En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was' (2 Petrus 1:18).

Luister na Hom! Luister na Jesus Christus! Só het die Vader met sy stem uit die hemel aan die kerk gesê. Daar is geen misverstand nie. Elkeen moet luister na Jesus Christus, juis in die Ou Testament, juis in die wet, juis in die profete, juis in die Psalms. Só het Hy self sy kerk ná sy opstanding beveel (Lukas 24:46). Hebreërs 1:1 gee bo alle twyfel die pad van die prediking in die geskiedenis: 'Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun'.

'Dit is my geliefde Seun, luister na Hom!' Nie meer drome, gesigte en visioene soos in die Ou Testament nie; nie meer engele wat verskyn en uiterlike wondertekens nie, maar *luister na Christus!* Hier kom nou die *Deus loquens* as die sprekende Christus. Die Woord wat vlees geword het, word nou die Woord wat deur die Heilige Gees neergeskryf is. God praat met sy stem uit die wolk: Luister na Hom! Matteus, Markus en Lukas het dit vir ons neergeskryf. Daar is nie 'n ander pad op die preekstoel nie: 'Luister na Hom!' Vandaar moet ons altyd die stem van die Goeie Herder hoor.

Christus se bevel om te swyg

Voortdurend moet Christus vir Satan en die dissipels wat die kruis verwerp, aan hulle leiband vashou. Berg-af is die dissipels nog nie van die bese verlos nie. Die drie, Petrus, Johannes en Jakobus het heerlike nuus vir hulle ander nege makkers – sensasionele nuus, opspraakwekkende nuus, voorbladnuus: 'Hemelse heerlijkheid op aarde! Ons gaan dit kry! Ons het dit gesien! Kom mense, laat ons feesvier, daar is 'n kortpad na die hemel – sommer hier op aarde!'

Jesus ken die gevaar van kerklike geesdrywery uit aardse entoesiasme, sonder die lyding van Christus aan die kruis en ons lyding as sy

navolgers. Dit is dan juis die punt wat sy gemeente moet leer: Eers *lyding* en dan *heerlikheid*. Nie andersom nie.

Die groot vóórdat van die evangelie

Die Evangelie beskryf dit só duidelik, só sober: 'En onderwyl hulle van die berg afklim, gee Hy aan hulle bevel om aan niemand te vertel wat hulle gesien het *voordat* die Seun van die mens uit die dode opgestaan het nie' (Markus 9:9). Geen voorbarige vergrypings na 'n heerlijkheid hier op aarde, *vóórdat* daar 'n kruis op Golgota sal staan, *vóórdat* sy bloed gevloei het, *vóórdat* Hy gesterf het, *vóórdat* daar 'n oop graf sal wees, *vóórdat* Jesus Christus in sy opstandingsheerlikheid sal staan nie! Dán eers sal die hemelse heerlijkheid gepreek word. Dan eers sal die apostel Petrus met sy pinksterpreek uitroep: 'Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het ...' (Handelinge 2:24). Eers ná die kruis en opstanding kon die ander apostel wat op die berg was, Johannes, die kruisiging in besonderhede beskryf. Hy kon vier keer binne tien verse sê dat die Skrif vervul sou word (Johannes 19:24, 28,36 en 37). Dit is dieselfde Johannes, wat eers ook 'n Satan was omdat hy saam met Petrus nie die lydingspad van Christus wou aanneem nie, wat ná die kruisiging in sy eerste brief skryf: 'Die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde' (1 Johannes 1:7) en in sy tweede brief: 'Wie in die leer van Christus bly, hý het die Vader sowel as die Seun' (2 Johannes vers 9).

Padwysers van die berg na die res van die Skrif

Ons het reeds gesien dat die stem van die HERE ons dadelik lei na die apostel Petrus se tweede brief waar hy hierdie stem verbind aan die suiwer prediking van die profetiese woord wat baie vas staan.

Van hierdie stem, 'dit is my geliefde Seun, luister na Hom', is daar baie padwysers na menige plekke in die Heilige Skrif:

- Dit lei ons dadelik na die *slot van die Ou Testament* wat met Moses en Elia afsluit. In Maleagi 4 skryf

die Ou Testament vir die laaste keer van Moses en Elia. Dit is 'n kort bevel: 'Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel – insettinge en verordeninge' (Maleagi 4:4). In die prediking moet ons altyd weer teruggaan na Horeb, na Sinaï, die berg van die wet. As hierdie wet in Deuteronomium herhaal word, sê die Skrif: 'Met hierdie woorde het die HERE julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolke donkerheid met 'n groot stem toegesprek, en *niks meer nie ...*' (Deuteronomium 5:22). Niks meer as God se stem nie. Dit is gehoorsaamheid aan die tweede gebod. Die Kategismus sê dit so duidelik: 'Ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die *lewendige verkondiging van sy Woord* laat onderrig' (HK, antwoord 98). Niks anders as die stem van God nie – dit is die stem van die Goeie Herder!

- Dit wys na die Jordaanrivier waar *Jesus deur Johannes die Doper gedoop is*. Dáár het die Heilige Gees op Hom neergedaal toe die hemele vir Hom oopgegaan het en die stem van God gehoor is: 'Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het (Matteus 3:16,17). Hier ontmoet ons die *Drie-enige God*. Geen sprake dat enige Skrifgedeelte (Ou en Nuwe Testament) sonder Christus gepreek kan word nie.
- *Die heerlijkheid van Moses by Sinaï*: Moses in sy heerlijkheid saam met Christus in sy heerlijkheid op die berg in Galilea, lei ons noemenswaardig na die berg Sinaï waar Moses ook in sy heerlijkheid saam met *Jahweh*, die HERE was (Eksodus 34:29-35). Hierdie heerlijkheid van Moses was so helder, so volmaak skitterend, dat Aäron en die Israëliete nie in staat was om na sy gesig te kyk nie. Daarom het Moses sy gesig met 'n sluier bedek as hy met hulle praat. In die Nuwe Testament, as Paulus aan die kerk van Korinte oor die betekenis van die Ou Testament in hulle lewe skryf, gryp hy terug na Moses se sluier en hy preek 'n ontsettende waarheid: Vandag nog is die Ou Testament

vir baie mense toe onder 'n sluier. Daar lê 'n doek daaroor en hulle kan die inhoud nie sien nie!

Kom ons luister mooi wat hy skryf:

'Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vymoedigheid; nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie. Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word' (2 Korintiërs 3:12-14). Let wel: Dit is die enigste plek in die Bybel waar die begrip 'Ou Testament' spesifiek genoem word.

Alleen Christus vernietig die bedekking oor die Ou Testament

As die dominee die Ou Testament nie vanuit Jesus Christus preek nie bly dit steeds met 'n doek toegemaak. As Christus nie die bedekking in die studeerkamer en op die kansel vernietig nie, bly die Ou Testament 'n geslote boek. Dan sê die preek nie méér as die sedelesse in die Joodse sinagoge en die Islam se moskee nie. As Christus nie die bedekking oor die Psalms vernietig nie, sal die gemeente kies om Psalms *sonder Christus* te sing en hiermee sing hulle selfs die beste heilshistoriese preek dood – al singende trek hulle 'n doek oor die Ou Testament. As Christus nie die bedekking oor die Ou Testament in die katkisasieklasse vernietig nie, het ons kinders geen begrip van die verbond wat die HERE met elkeen van ons by ons doop gesluit het nie.

- Die Jode en Elia: Uit die geskiedenis van die verheerliking van Christus, kom die hele saak van Elia uit die Ou Testament na vore. Dit het die drie dissipels se aandag geprikkel. Hulle was nog besig om van die berg af te klim – so lees ons – toe die dissipels aan Jesus vra: 'Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elia eers moet kom?' (Matteus 17:10). Hier lei die Skrif ons weer eens na die laaste verse van die Ou Testament,

Maleagi 4:5-6, waar die HERE deur sy profeet sê: 'Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek'. Toe het die dissipels begin verstaan dat die koms van Elia, die koms van Johannes die Doper was (Matteus 17:13). So kom die hele geskiedenis van Johannes die Doper, die laaste profeet van die Ou Testament in perspektief. 'n Engel van die HERE siteer die profesie deur Maleagi aan Johannes die Doper se pa, Sagaria, as hy van die Doper getuig: 'Hy sal voor Hom (dit is Christus) uit gaan in die gees en die krag van Elia' (Lukas 1:17). En die Jode? Aan die einde van Maleagi, aan die einde van die Ou Testament, het hulle die laaste stopteken agter die heilsgeskiedenis geplaas. Hulle het die klok van die heilsgeskiedenis laat stilstaan. Hulle het God se kanon afgesluit. Hulle glo nie dat Elia volgens die profesie in Johannes die Doper gekom het nie. Tot by die kruis op Golgota kleef hulle fanaties daaraan vas dat Elia nog moet kom. By die middelpunt van die Evangelie, toe Jesus Psalm 22 met 'n luide stem uitroep: '*Eloi, Eloi, lamma sabagtani*', toe lag hulle spottend: 'Kyk, Hy roep na Elia' (Markus 15:35).

- Die eerste gebod: Die gees en krag van Elia, waarvan Jesus op die berg van verheerliking praat, lei ons terug na 'n ander berg, Karmel, waar hy die eerste gebod op 'n aangrypende manier aan Israel gepreek het. Wat 'n kritieke moment in die geskiedenis van die Ou Testament, maar meteen ook die krisispunt in elke preek: Geen ander God as *Jahweh*, die HERE nie! Die keuse is ewig en radikaal: 'As die HERE God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!' (1 Konings 18:21). Hier het ons die appèl op die gewete van die gemeente met elke preek – vandag nog!
- Openbaring 11: Die gebeure van die verheerliking op die berg wys duidelik vir ons die pad na die prediking van die evangelie in die laaste bedeling vóór Christus se wederkoms. Ons praat van die twee laaste getuies in Openbaring 11. Hulle tree op

in die gees en krag van Moses en Elia. Hulle doen presies dieselfde tekens en plae van hierdie twee manne. Moses het die mag gehad oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plae. Elia het die mag gehad om die hemel te sluit sodat daar geen reën val nie. Die twee laaste getuies het dieselfde mag (Openbaring 11:6).

Die Nuwe Testament verklaar die heilsgeskiedenis in die Ou Testament

O, wat 'n geweldige impak het die geskiedenis van die *verheerliking op die berg* op ons prediking. Ons kan dit ook sê van baie gedeeltes van die Nuwe Testament wat eenvoudig die heilshistoriese prediking in die hele Heilige Skrif oopmaak, byvoorbeeld die geslagsregisters van Jesus (Matteus 1:1-19 en Lukas 3:23-38). Soos met 'n spitvurk word die hele heilsgeskiedenis van die Ou Testament oopgemaak. Of dink aan 1 Korintiërs 10 wat vertel dat ons vaders almal onder die wolkkolom van Israel se woestynreis was, dat hulle almal in Moses in die wolk en die see gedoop is en almal hulle geestelike spys geëet het en dat almal uit die geestelike rots gedrink het en dat die rots Christus was. Dink aan Hebreërs 11 wat die geskiedenis van die HERE se verbond met sy volk beskryf, of die boek Openbaring wat sonder kennis van die Ou Testament nie verstaan kan word nie. So kan ons voortgaan in die heilsgeskiedenis.

Die Hervormers van die 16de eeu het vir ons die pad gewys toe hulle gesê het: *Sacra Scriptura sui ipsius interpres* (die Heilige Skrif is sy eie uitlegger).

Op die kansel lê daar 'n Bybel. Uit dieselfde Bybel word daar gepreek. Dieselfde Bybel moet homself verklaar. Dieselfde Bybel, wanneer daar reg gepreek word, maak die kansel heilig. Daarvan het 'n pionier van die heilshistoriese prediking gesê: 'Die kansel is te heilig dat dit 'n saak mag afkeur wat die Here goedkeur en beveel' (K Schilder in *Tolle lege*, 1952, p 49).

Corps Veritas Vincet

Teologiese student Victor Correia het die volgende bekendstellingsberig oor die studentevereniging *Corps Veritas Vincet* deurgestuur:

Op talle plekke in die Heilige Skrif word ons beveel om die woord van die Here te bewaar. Hierdie opdrag geld nie net vir sekere mense op sekere tye nie, maar vir almal, altyd. Die essensie sien ons reeds in Deuteronomium waar Moses 'n seën oor die kinders van Israel uitspreek. Levi word genoem as die een wat die verbond van die Here hou en sy woord bewaar (Deuteronomium 33:8-9).

Veritas vincet beteken die waarheid sal oorwin. Dit is dieselfde woorde wat die reformasie, uit die mond van Johannes Huss (1369-1415) aangevuur het. Ons bou dus voort op die reformasie. *Semper Reformanda* – met die woorde van Jesus in gedagte om sy woord te bewaar.

So is die voorneme van *Corps Veritas Vincet* (hierna *Corps*) om die woord van die Here te bewaar. Die *Corps*

wil in besonder vir voornemende predikante (teologiese studente), asook 'persone wat hulleself beywer vir voortgesette gereformeerde teologiese studie op die fondament van die gereformeerde belydenis' (Grondwet, Punt 1) geleentheid skep om:

- 'Teologiese- en lewensvraagstukke te ondersoek en te bestudeer in die lig van die Skrif, en die Gereformeerde belydenis; en
- 'n Calvinistiese werklikheidsvisie en lewensstyl te handhaaf, in eie geleedere en na buite' (Grondwet, Punt 4).

Ons glo dat die Bybel die enige Woord van God is, relevant vir alle probleme en kronkelgange van die lewe. In die lig van die Skrif wil ons heerskappy van Christus oor die lewe proklameer en probeer om konkrete implikasies van so 'n belydenis na elke besondere deel van die lewe deur te trek. Ons wil dat die christelike roeping in die praktyk van die lewe 'n werklikheid word. Daarom probeer ons rigtinggewend en Skrifgebonde op

talle fasette van die lewe inwerk (Grondwet, Punt 2).

'En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak' (Johannes 8:31-32).

Ons program vir die jaar lyk tot dusver soos volg:

- April – Studentevergadering
- Augustus en September – 'Verbond-seminaar'

Ons is tans besig om sprekers te finaliseer en sal u deur ons poslys op hoogte hou.

Indien u 'n finansiële bydrae wil maak, sal dit baie waardeer word. Ons bankbesonderhede is:

Corps Veritas Vincet
ABSA-Tomstraat
9179 377 414
Spaarrekening

Vir enige navrae kan u ons gerus kontak by: corpsveritas@myway.com of 084 761 1160 (Lourens Venter).

Persskou

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

Reformasie en onderwys

Prof JH van Wyk het op 6 Mei 2005 'n voordrag vir die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS) in Pretoria gelewer. Die tema daarvan was 'Reformasie en onderwys(ers): enkele teologiese perspektiewe. 'n Effens bygewerkte weergawe van dié voordrag is in *In die Skriflig* van Junie 2006 gepubliseer.

In sy artikel maak prof Van Wyk by wyse van inleiding enkele opmerkings waarin hy bepaalde vertrekpunte vir die onderwys stel. Dit kan opsommend soos volg weergegee word:

- *Ons moet as Euro-Afrikane baie duidelik daarmee rekening hou in*

watter sosiale konteks onderwys, opvoeding en akademiese onderrig vandag in Suid-Afrika plaasvind. In Suid-Afrika is ons deel van Afrika en nie van Europa nie. Ons moet leer om meer Afrika-sentries as Euro-sentries te dink. Dit beteken dat ons in ons opleiding die spesifiek Suid-Afrikaanse problematiek – soos hoë misdaadsyfers, VIGS, armoede, werkloosheid, korrupsie en gesinsontwrigting – helder voor oë moet hou.

- *Ons moet al hoe meer besef dat ons in Suid-Afrika met 'n multikulturele situasie te doen het. Afrikatalige Christelike onderwysers kan 'n groot rol in die toekoms van Suid-Afrika speel.*

- *Christelike onderwys is nie 'n verlengstuk van die kerk, van die maatskappy of van die staat nie, al is hierdie organisasies op die een of ander wyse by die akademie betrokke. Christelike onderwys is 'n verlengstuk van die ouerhuis, dit is 'n voortsetting van verbondsonderrig aan die jeug. Daarom is (eiesoortige) ouerskole en akademiese inrigtings, veral wanneer 'n besondere situasie dit vereis, eintlik die mees natuurlike saak op aarde.*

- *Die term 'reformatoriese opleiding' word gebruik in die sin van 'Christelike' opleiding, of eintlik 'gereformeerd-Christelike' opleiding. Ons posisioneer ons*

bewustelik binne die reformatoriese tradisie.

In aansluiting by die inleidende opmerkings bespreek prof Van Wyk ses stellings:

- *Onderwys – voor die aangesig van God. Nie die kerk, nie die staat, nie die maatskappy, selfs nie die skool en akademie, is die hoogste doel en sin van die lewe op aarde nie, maar Gód en net God alleen – God as drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. In 'n Christelike akademie moet Gód die sentrale plek inneem en niks en niemand anders nie. 'n Christen-student en 'n Christen-onderwyser leef elke oomblik van sy/haar lewe voor die aangesig van God (coram Deo), alles wat hy/sy doen, doen hy/sy tot verheerliking van God, ook studie en onderwys (1 Kor. 10:31). Lewe is godsdiens en godsdiens is lewe.*
- *Onderwys – in die lig van die Woord van God en onder leiding van die Heilige Gees. Dat die Woord van die Here 'n lamp vir ons voet en 'n lig op ons pad is, is 'n waarheid wat Christene van jongs af met hulle saamneem (Ps. 119:105). 'In U lig sien ons die lig' (Ps. 36:10) is 'n woord wat van betekenis is ook vir die akademiese wêreld. Die Skrif is die basis vir Christelike onderwys – nie die woord van wetenskaplikes, pouse of dominees, konsilies of sinodes nie. Juis omdat dit in die Christelike onderwys oor die Woord van Gód gaan, sal daar ook sprake van antitese moet wees en sal die tydsgees (van materialisme, sekularisme en ideologiese) ook behandel moet word.*
- *Onderwys – in diens van die koninkryk van God. Alles moet in diens staan van die koms van die koninkryk van God. Dit geld vir die Christelike gesin, vir die Christelike skool en ook vir die Christelike akademie. Die Christelike akademie staan nie – en mág ook nie – in diens staan van die kerk of die staat nie, maar voor alles en bo alles in diens van die koms van die ryk van God; God se nuwe wêreld in hierdie ou wêreld. Die koninkryk van God maak van leerlinge en studente nie verlengde kerklidmate nie,*

maar koninkrykskinders wat in die akademie en in die samelewing tekens oprig van God se nuwe ryk; wat, volgens Paulus in Rom. 14:17, 'n koninkryk is van geregtigheid, vrede en vreugde. Al studerende en doserende leer Christene sodoende steeds meer wat dit beteken om die universele koningskap van Jesus Christus te bely en te beleef.

- *Onderwys – tot welsyn van die samelewing en die bewaring van die omgewing. Christen-onderwysers en Christelike akademies lewer onteenseglik ook 'n belangrike bydrae tot die welsyn van die samelewing deur die bybring van kennis, kundigheid en vaardigheid aan jongmense. Wat van besondere belang is, is dat studente reeds van jongs af onderrig sal word in wat dit beteken om 'n Christelike benadering tot veral die politiek en die ekonomie te ontwikkel, dat hulle die nodige vaardigheid sal ontwikkel om op volwasse wyse verskillende sisteme en stelsels te evalueer, en tussen goed en kwaad, reg en onreg te onderskei. Die reformasie van 'n samelewing begin by 'n reformasie in die ouerhuis en word voortgesit in die Christelike skool en die Christelike akademie, waar goed toegeruste, vaardige en verantwoordelike burgers vir die samelewing gevorm word.*
- *Onderwys – groei tot volwassenheid en persoonlikheidsontsluiting. Onderwys besit ook 'n individuele kant. 'n Student het 'n bepaalde persoonlikheid en talente wat ontwikkel en ontsluit moet word. In onderwys gaan dit oor opleiding en begeleiding van skoliere en studente om in diens van God 'volkome voorberei en toegerus vir elke goeie werk' (2 Tim. 3:17) te wees.*
- *Onderwys – volgens aanvaarde akademiese standaarde. Die uitdrukking 'hoe Christeliker, hoe onkundiger' is 'n grondige mistasting. Die Christelike geloof ondermyn nie wetenskaplike ondersoek en navorsing nie, wél die onbybelse ideologiese voorveronderstellings daarvan. Die Christelike akademie het geen probleem met die handhawing*

van hoë (deur die staat bepaalde) akademiese standaarde nie. Indien moontlik moet selfs daarna gestreef word om daardie standaarde verby te steek. 'n Christelike skool of akademie wil glad nie 'n tweedeklas of minderwaardige inrigting wees nie, maar wil graag uitmunt in gehalte en standaard. Afskeepwerk is eties onaanvaarbaar.

Prof Van Wyk bespreek verskeie probleme en uitdagings wat aan christelike onderwys in die praktyk verbonde is. Ten slotte maak hy die volgende opmerking: *Daar is in Suid-Afrika inderdaad 'n groot behoefte aan vrye Christelike akademies wat die wetenskap beoefen en wat onderwysers oplei 'in U lig', tot welsyn van die samelewing en in diens van die koninkryk van God.*

Met dié voordrag en artikel raak prof Van Wyk 'n saak aan wat in gereformeerde kringe veelbesproke en plek-plek sensitief is. Menige ouer, kerklike ampsdraers ingesluit, sien geen fout met die onderwys in die openbare skole nie. Daar gaan selfs stemme van heftige verset teen die daarstel van gereformeerde skole en akademies op. Deurgaans is die heftige teenkanting gebore uit 'n gees van onkunde. Dit is opmerklik hoe min die deursnee-ouer weet wat alles vir kinders by die skole ingeprent word. Onkunde oor die ware toedrag van sake lei tot 'n onbegrip vir teenkanting teen dit wat as verkeerd in die openbare onderwys aangetoon word. Sommige mense raak erg geïrriteerd as daar 'n 'skewe woord' oor die huidige onderwyssituasie in 'ons skole' (bedoelende die meer goeie skole waar 'ons' – wie die 'ons' ook al mag wees – in beheerliggame dien) gerep word.

Daar is egter ook hier en daar openlike venyn in die teenkanting teen gereformeerde onderwys te bespeur. Bestaande gereformeerde skole word van bymotiewe verdink. Die stryd wat daar in die kerke is word op die skool-situasie oorgeplaas. By wyse van sinodebesluite word daar dan vasgestel dat gereformeerde onderwys die regte ding is om voor te staan, maar as die saak in praktyk

gebring word is daar geen manier hoe almal in 'n bepaalde omgewing by so 'n skool betrokke (wil?) raak nie.

'n Derde saak wat opval, is die hoë verwagting wat sommige ouers het ten opsigte van die skool se

betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite, veral sport. Die inskrywing van 'n kind word afhanklik gestel van die sportsoorte wat die skool aanbied, en op watter vlak kinders kompetend kan deelneem.

Al hierdie sake maak 'n mens bedroef, bekommerd en ontsteld. Die penstrepe wat prof Van Wyk met betrekking tot gereformeerde onderwys maak behoort vir elke ouer, grootouer, kerklidmaat en ampsdraer 'n gesonde visie op die werklike stand van sake te gee.

Doen weg met oneerlike etiket

Dr Chris Saayman skryf in Vox Viva van Januarie 2007 onder die opskrif 'Fundamentalistiese geloftes?':

Gelowiges wat poog om getrou aan die Skrif en die belydenisskrifte te leef, is al gewoon daaraan om as "fundamentaliste" geëtiketteer en afgeskryf te word. Sodra daar enigsins vermoed word dat 'n gelowige op sekerheid van waarheid aanspraak maak, word dit as "fundamentalisme" afgemaak. Skynbaar word die begrip "fundamentalisme" deesdae in verband gebring met begrippe soos "sékere waarhede" en word dit as "onverdraagsaam" beskou. Dit wat die hartklop van die reformatoriese teologie was, word vandag onder verdenking gebring. Vir die reformatore was die volkome sekerheid van die absolute Waarheid die kern van hul leer en lewe. Van relativisme is daar geen sprake in die reformatoriese teologie nie.

Hierdie "reformatoriese hartklop" het in die meeste gereformeerde kerke neerslag gevind in die legitimasië-ees wat aspirantpredikante onderteken ten einde toegelaat te word tot die bediening van die Woord. Alle leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die volgende gelofte onderteken: Ek, die ondergetekende ..., toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur die Algemene Regskommissie wat daartoe gemagtig is, verklaar hiermee in alle opregtheid voor die Here dat ek van harte glo dat al die artikels en stukke van die leer vervat in die Belydenisskrifte en Formuliere van Eenheid – naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse

deur die Sinode van Dordrecht in die jare 1618-1619 aangeneem – ooreenkom met die Woord van God. Ek belowe om die voorgenome leer ywerig en volhardend te leer en in my wandel getrou te handhaaf, sonder om iets teen die leer, hetsy regstreeks of onregstreeks, te leer of te skrywe. En net soos ek hierdie leer te goedertrou aanneem en van harte glo, so verwerp ek alle dwalings wat teen hierdie leer stry en beloof ek om dit te weerlê, teë te spreek en alles in my vermoë te doen om dit uit die kerk te weer (my aksentuering – CS).

Dit geld egter nie net van leraars nie. Alle lidmate het hul tot dieselfde gelofte verbind, wel nie per handtekening nie, maar met 'n mondelingse verklaring. Dié gelofte klink só: 'Ek glo dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof vervat en in hierdie kerk geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is'. Asook: 'Ek beloof om as lidmaat van Sy gemeente deur Sy genade tot die einde van my lewe in hierdie leer te volhard en alle leringe wat daarvan afwyk te verwerp'.

'n Mens kan nie anders as om die absolute taal raak te hoor nie. Dit is vir geen misverstand vatbaar nie. Die leraar en lidmaat lê 'n gelofte af dat die Bybel die gesaghebbende Woord van God is. Die Bybel bevat nie die Woord nie, dit is die Woord van God. En dit geld van sowel die Ou- as die Nuwe Testament. Die fundamentele gesag van die Woord word onomwonde bely. Die "Artikels van die Christelike geloof" is die gereformeerde belydenisskrifte te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse

Leerreëls. Die leraar/lidmaat lê 'n gelofte af dat hierdie belydenis 100% met die Woord ooreenstem (nie "in soverre as wat dit ooreenstem" nie) en dat slegs dit die Waarheid is en dat hy/sy daarmee vertrou is en dit liefhet. Deur 'n gelofte word verklaar dat die gereformeerde belydenis die suiwerste formulering van die Waarheid is. Daar word ook beloof om lewenslank spesifiek gereformeerd te wees en te bly. Elke leraar en lidmaat het verklaar dat slegs die gereformeerde leer die ware leer van die Skrif is en dat geen ander leer of teologie hieraan gelyk is nie. Daarom word beloof om slégs in die eksklusiewe gereformeerde belydenis te volhard tot die lewenseinde en om voortdurend alle afwykende leer met beslistheid te verwerp. Let op die sterk en besliste (fundamentalistiese) taal. Dit is die soort "fundamentalisme" wat die passie van die sestiende eeuse reformatore se bloedwarm evangelieverkondiging gekenmerk het en waartoe elke leraar en lidmaat van die NG Kerk verbind is.

Ja, daar kan geredeneer word dat hierdie geloftes maar net mensgemaakte formuleringe is en daarom nie eerbiedig hoef te word nie. Die feit bly: elke leraar, ouderling, diaken en lidmaat was aanvanklik maar té gewillig om hierdie gelofte af te lê – in sommige gevalle sonder dat die inhoud van die gelofte enigsins deurdink is. Die feit is verder, mensgemaak of nie: Dit is gelóftes wat voor die Here se aangesig afgelê is. Wie sy mond teenoor die Here oopgemaak het, mag dit nie terugtrek nie (Rigters 11:35). Solank as wat die kerk die aflê van hierdie geloftes handhaaf, móét

élke leraar, kerkraadslid en lidmaat hom/haar ten alle koste daarby hou. Andersins moet die eerbare weg gevolg word: skaf die aflê van hierdie geloftes af en loop die pad van die relativisme en die verloëning van die geopenbaarde Waarheid – 'n pad wat in elk geval tot 'n groot mate reeds in die praktyk gevolg word. Of dalk moet individuele teoloë, predikante, ouderlinge, diakens en lidmate – wat hulle gelofte nie gestand wil doen nie – die eerbare weg volg en bedank uit die NG Kerk.

Maar waarom dan so negatief wees? Wat is meer heerlik as om met vurige passie getrou te bly aan die sekerheid van die enigste Waarheid? Laat die etiket van "fundamentalisme" dan maar kom. Binne die hedendaagse konteks sou Calvin beslis ook as 'n "fundamentalis" bestempel word. Lees maar net sy Institusie en oortuig uself. Die styl, inhoud, taal en diepte

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: *Waarheid en Dwaling*

Dr GJ Meijer

Ds HLJ Momberg

Dr HS van der Walt

Mev JC de Wind

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 332 4676

e-pos: gerardjmeijer@gmail.com

jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vgl.online.net>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das

Waarheid en Dwaling

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 331 4733 (na 14:00)

e-pos: jdirkdas@absamail.co.za

Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R140 per jaar en addisionele bydraes

kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling

Spaarrekening 9054701904

ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo

Posbus 25316

Gezina,

0031

van Calvin se evangelieverkondiging is totaal vreemd in vandag se kerklike konteks. Dit is hierdie passievolle sekerheid van die Waarheid van die Woord, wat weer op kansels moet begin brand. Die gevolg sal wees dat mense weer na die eredienste begin stroom. Wat mense na die kerk laat terugkeer is nie gemoedelike relativisme, leraars wat nederig-onseker voorkom, geselsies oor die Bybel en informele samekomste nie. Dit waarna lidmate dors, is die brandende vlam van oortuigde en onverskrokke Woordverkondiging waaruit die sekerheid van die evangelie kragtig straal.

Ook in die Gereformeerde Kerke is daar 'n ondertekeningformulier en formulier vir aflegging van geloofsbelydenis waarin binding aan die Skrif en die belydenis prominent na vore kom. Trouens, die GKSA het in dié opsig nog méér as die NG Kerk. Daar is 'n Artikel 53 en 54 in die Kerkorde van die GKSA, waarvolgens alle ampsdraers die drie Formuliere van Eenheid onderskryf en onderteken. Sover my kennis strek kom so 'n artikel nie in die kerkorde van die NG Kerk voor nie.

Nietemin. Binding aan die belydenis is onmisbaar. Die vraag is: is 'n mens 'n fundamentalis as jy jou aan die belydenis bind? In antwoord hierop reageer sommiges met 'n tikkie heilige, moedige emosie: ek is bereid om as fundamentalis gebrandmerk te word indien ek daarvan beskuldig word dat ek vierkantig by die gereformeerde belydenis staan. Iets van hierdie emosie kom sydelings in dr Saayman se artikel na vore: 'Laat die etiket van "fundamentalisme" dan maar kom'.

Na my mening is dit oneerlik om iemand wat vurig aan die belydenis vashou, omdat (*quia*) die belydenis met die Woord van God ooreenstem, as 'n fundamentalis te etiketteer. Die feit dat ons in die kerke 'n vaste fondament het, maak van die gelowige nog geen fundamentalis nie. Enige '-isme' het 'n wortel van kwaad in hom. Alles is uit God, deur God, tot God. Vir 'n '-isme' van watter aard ook al is daar gevolglik geen ruimte nie.

Daarbenewens word die term 'fundamentalisme' op soveel maniere gebruik en met soveel

uittenlopende inhoude gevul, dat dit gevaarlik is om jouself (selfs met eerlike motiewe) met so 'n etiket te wil laat tipeer. Oor een van die inhoude van fundamentalisme skryf dr A Krüger in *Vox Viva* van Februarie 2007: 'n *Fundamentalis* reken dat daar niks of byna geen interpretasie aan die lees van die Bybel verbode is nie. As die Bybel vir die skrifkryk tydgebonde is, is die Bybel vir die persoon met hierdie benadering tydloos, in die sin dat alles wat daardie tyd gesê is, nog net so verstaan moet word soos daar. Byvoorbeeld, as 1 Korintiërs 11 praat van vroue wat hoofbedekking dra, dan impliseer dit dat vroue van daardie tyd die hoofbedekking moes dra, en dat vroue dit steeds vandag moet dra. En daar kan nie daarvoor geredeneer word nie, want "Dit staan in die Bybel". 'n Mens moet begrip hê daarvoor dat iemand wat erns maak met die gesag van die Skrif versigtig is met interpretasie van die Bybel. Immers, as jy kan sê dat vroue nie hoede hoef te dra nie, bewege jy nie na die Skrifkritiek se kant toe nie? Dit is dan dat jy opmerkings hoor soos "Jy verdraai die Skrif om jou eie standpunt te handhaaf". Of "Die volgende stap is om te sê dat homoseksualisme nie meer 'verkeerd' is nie".

Daar is volgens dr Krüger twee probleme met hierdie benadering: *Eerstens kan dit nie konsekwent deurgevoer word nie – byvoorbeeld, as daar in die Ou Testament (Deuteronomium 22:21-23) gepraat word van mense wat seksuele oortredings begaan het, en gestenig moes word. En dit bring die tweede probleem na vore: daar word wel verklaar, omdat selfs nie eers 'n fundamentalis reken dat mense vandag nog gestenig moet word nie. Daar is dus ietwat van 'n oneerlikheid in hierdie benadering, omdat dit die Bybel as tydloos voorstel, maar dan wel soms (dikwels) verklarend benader.*

Kom ons doen weg met etikette wat nie eerlik en gepas is nie. Gelowiges wat hulle in alles onvoorwaardelik aan Gods Woord bind, is alleen maar gehoorsame kinders van God. Geen fundamentaliste nie, maar daadkragtige belyers.